

# TOUCHER

**CENTURION ROLBALKLUB** **CENTURION BOWLS CLUB**

(www.centurion.bowls-club.co.za)

secretary@centurion-bowls.co.za

## NUUSBRIEF / NEWS LETTER

**Junie 2025 June**

*Never stop learning because life never stops teaching.*

– Unknown

**ONS PRESIDENT AAN DIE WOORD**



Die jaar stap fluks aan en werk word alreeds aan die nodige voorbereidings vir die Algemene Jaarvergadering, wat geskeduleer is om op 16 Augustus plaas te vind, gedoen. Met die groot aantal nuwe lede wat die afgelope jaar by ons aangesluit het, noem ek graag die belangrikste aangeleenthede wat by die Algemene Jaarvergadering bespreek en gefinaliseer sal word:

- Die Klub se 2024/5 Finansiële state. (Balansstaat en Inkomste/Uitgawestaat);
- Die Klub se voorgestelde 2025/6 Begroting en Ledegelde vir dieselfde tydperk;
- Die hantering van mosies wat deur lede van die Klub ingedien is rondom voorgestelde veranderinge aan o.a. die Grondwet ens;
- Die 2024/5 Presidentsverslag;
- Die aanwysing van‘n ouditeur vir die 2025/6 finansiële jaar; en
- Die verkiesing van die Bestuurs- en Keurkomitees vir die 2025/6 tydperk.

Die Klub se Prysuitdelingsfunksie word ook op 16 Augustus gehou.

Ons Klub se ledetal groei steeds en het soos verwag, die 150 merk verbygesteek – ons het tans 153 lede, met verskeie nuwe aansoekers wat reeds opleiding ontvang. Dit is die hoogste aantal lede wat ons die afgelope aantal jare gehad het en bewys net weer dat Centurion Rolbalklub een van die voorkeurklubs in die Gauteng-Noord omgewing is.

Ons wag steeds vir terugvoer van die Tshwane Metro af i.v.m. besluite wat rondom die onlangs posisiestuk getiteld die “Medium Term and Expenditure Framework and Infrastructure

Development Plan", wat 'n redelike dramatiese impak op alle munisipale sportklubs/ sportliggame binne hulle grense kan hê, geneem is. Ons vertrou dat die standpunt in verband hiermee wat ons skriftelik na die Metro deurgegee het, die gewenste uitwerking sal hê en dat die uiteindelike impak op ons beperk gaan wees.

Nadat deeglike huiswerk in hierdie verband gedoen is, is daar op grond van die gunstige stand van ons Inkomste-/Uitgawestate, besluit om al ons grondwalle rondom die perke met steenmure te vervang. Voorsiening is reeds binne ons huidige begroting (2024/5) daarvoor gemaak en die nodige bouwerk sal tydens die somerbehandelingsproses, wanneer een baan op 'n keer gesluit is, gedoen word.

Moet asseblief nie vergeet om steeds julle vriende, bure ens, wat nog nie die vreugde van rolbal beleef het nie, saam na die Klub toe te bring. Dit is julle wat ons Klub so laat groei! Ons staan gereed om hulle as nuwe lede by die Klub te verwelkom!

**HOOGTEPUNTE**



Op 1 Mei het die jaarlikse Hogere/Lagere 75 toernooi plaasgevind en puik spel opgelewer in driespelformaat. Die A-perk-wenners was Dorina du Plessis, Zinda Müller en Piet Swemmer, en dié op die B-Perk Tian Pietersen, Yvonne Bock en Andre Jacobs. Die Lagere 75 groep het 'n oortuigende oorwinning behaal. Stoffel Mynhardt het die gesogte trofee amptelik oorhandig aan Emma McCabe. Daarna is heerlik gekuier.



Die Meyerspark Rolbalklub het die jaarlikse tweestryd met ons klub aangebied op 13 Mei, en dit was voorwaar 'n treffer. Beide klubs is deur 10 spanne verteenwoordig (met een "leenspan" wat vir Meyerspark in die bresse getree het). Uithaler-rolbal is opgelewer, met as eindresultaat dat die trofee by ons klub bly danksy die finale telling van 264 – 163. Alle deelnemers is puik getrakteer met verversings en middagete, en daar word alreeds uitgesien na volgende jaar se rondte.





Op 24 Mei is Meyerspark Rolbalklub weer besoek vir ondersteuning van hul jaarlikse fondsinsameling. Weer het ons klub voortreflik presteer, met Jurg Odendaal se span (Leon en Elise Smith, en Dave van Oudtshoorn) in die eerste plek, en die span van Pieter Pretorius (Annie, Martelize Prinsloo en Kirsten Mcleod) in die derde plek. Vier ander spanne het hul ook laat geld. Veels geluk, met groot dank aan alle betrokkenes!

Die gebruiklike en gewilde Worslopies het gerol op 8 Mei en 3 Junie, steeds onder die bekwame en geesdriftige leiding van Tertius van de Venter. Eersgenoemde is gewen deur Dave van Oudtshoorn, met Adi Joubert in die tweede plek. In laasgenoemde is die worslouere weggedra deur Jurg Odendaal, met Maria Steyn in die tweede plek. Die raakbalspesialiste was onderskeidelik Koos Schoeman en Theo Munroe. Die worslopies beklee steeds 'n prominente plek in die klub se maandelikse aktiwiteite, en die gewildheid bly duidelik uit die aantal deelnemers, wat by die pas afgelope worslopie tot 66 gestyg het. Welgedaan, Tertius, en baie geluk aan die wenners!

Die jaarlikse KANSA-f ondsinsameling, 'n projek van Kerk-in-Suid saam met ons klub, het plaasgevind op 16 Junie, onder die bekwame leiding van Leon Smith. Vier en veertig klublede het saam met gaste in 24 spanne aan baie aangename spel deelgeneem. Die dag





was hoogs suksesvol, met R28 663 wat aan KANSA oorbetaal kon word, met groot dank aan al die betrokkenes.



Op 28 Junie het die Gauteng Ope Toernooi  afgeskop met spel vir gestremdes, en Bosman Olivier het pragtig gevorder tot die semi-finaal in die afdeling vir fisiek gestremdes en so 'n bronsmedalje verwerf – baie geluk aan hierdie bedrewe stryder!   Ons klub was gasheer vir die afdeling vir siggestremdes. Baie klublede het gedien as o.a. skeidsregters en merkers, of het op ander wyses hulp verleen. Die spyseniering was, soos altyd, uit die hoogste rakke. En kan die siggestremdes mooi rolbal speel!

Verskeie klublede het puik presteer BGN-kompetisies, en die klub se naam figureer al hoe sterker in kwarteind- en halfeindrondtes. Bronsmedalje-wenners was Ria Coetsee, Tian Pietersen en Piet Swemmer. Verdere besonderhede volg verderaan. Baie geluk, en baie dankie aan hierdie besondere ambassadeurs van die klub!



**VANWAAR GEHASI?**

**Chris Lerm**

Ek is gebore in Bloemfontein in 1956 as eerste van vier kinders. Op  32-jarige ouderdom het ek my pa verloor, maar ek kan steeds met God se genade vir my ma sorg wat 87 jaar oud is.

My laer- en hoërskole was onderskeidelik  Wilgehof Laerskool en Hoërskool Jim Fouche in Bloemfontein en ek ondersteun steeds  die Cheetahs. Ek behaal die volgende kwalifikasies in Bedryfsekonomie: B Com (1977 – UOVS) ), M Com (1979 – RAU)) en D Com (1984 – UNISA).

My eerste permanente pos was lektor in Bedryfsekonomie aan die RAU vanaf 1979 tot 1987. In 1987  aanvaar ek diens by die SA Suiwelstigting, as Hoof: Bemarking en Kommunikasie. Uit die aard van my posisie by die Suiwelstigting het ek daagliks met die topbestuur van al SA se top suiwelondernemings gewerk en was ek instrumenteel om die bedryf te verander na 'n ten volle gedereguleerde bedryf sonder enige staatsinmenging of beheer.

In 1991 het ek  by Clover begin werk en mettertyd gedien as Hoof Uitvoerende Beampte van 'n gesamentlike maatskappy van Clover en Danone. Na die notering van Clover SA op die Effektebeurs was ek  een van  drie uitvoerende direkteure op die direksie tot en met my aftrede in 2017. Na my aftrede het ek vir vier jaar vrywillig gedien as 'n direkteur van die Sakeliga. .

Sport was altyd my grootste liefde.  en op skool het ek my alreeds op  tennis en krieket toegespits. Later op universiteit sou ek en my liga-maat die Bloemfontein tenniskampioenskappe wen vir nie-provinsiale of professionële spelers. Ek het op skool klubkrieket gespeel as kolwer/paaltjiewagter, maar eers ernstig begin speel toe ek RAU toe is. As dosent, maar ingeskrewe student, het ek twee jaar vir RAU se eerstespan gespeel, asook in die SA Universiteitstoernooi en daarna vir laer spanne en uiteindelik oudstudente. Terwyl ek by RAU was, was ek o.a. voorsitter en president van die krieketklub en lid van die RAU Sportkomitee en later het ek  gedien op die Transvaalse Krieketunie in die "Mean Machine" era. A.g.v die RAU grondwet was ons nie toegelaat om Sondagkrieket te speel nie, terwyl ons met van die beste jong Afrikaanse talent in krieket gesit het. Na baie vergaderings met Dr Ali Bacher  het ons top spelers premierliga begin speel vir die Wesrand Krieketklub, waarvan ek toe ook voorsitter was. Dit was die begin van verskeie Afrikaanse spelers wat vir Transvaal sou speel

Ek is in 2011 met Annette getroud en  ons het elk drie  kinders uit ons eerste huwelike. My twee dogters besit albei Tina Cowley Leessentrums en my seun besit verskeie besighede en is 'n belastingspesialis. Annette se drie kinders is almal tandartse met haar oudste seun ook mediese dokter en besig om te studeer vir spesialis. Tussen ons het ons tans ses pragtige kleinkinders van 13 jaar tot ses maande oud en hulle is ons trots! Ons is baie lief vir  reis en probeer jaarliks ook ten minste een oorsese en Afrika besoek doen. Uit die aard van my werk het ek baie oorsee gegaan en kon ek/ons in die loop van jare  68 lande besoek.

Wat die toekoms betref hoop ons op goeie gesondheid. Ons leef vir en met ons kinders en kleinkinders, en ek hoop om nog jare te sorg vir my ma. Daarby hoop ek om nog vir jare my nuwe liefde, naamlik  rolbal, by Centurion Rolbalklub,  met al die wonderlike mense reeds ontmoet, te geniet.

*Chris Lerm*

**KOMPETISIES**

**Klubkompetisies**

Die enkelspelwedstryde vir beginners is gewen deur Elize Stoop (Dames) en Dou Kleefstra (Mans). Die ope enkelspelwedstryde (mans en dames) het op 'n spannende einde afgestuur, met as wenners Tian Pietersen (teen Brian Kleingeld) en Ria Coetsee (teen Karien Gouws).




Die Gemengde Gekose Pare kompetisie is gewen deur Zinda en Ernst Müller (teen Priscilla Lamprecht en Piet Swemmer). Al hierdie wedstryde het aanskoulike spel opgelewer, en baie geluk aan die wenners en naaswenners!

Die enkelspelwedstryde vir veterane, asook gelote vierspel (mans/dames) is volgende aan die beurt, met groot dank aan ons wedstrydorganiseerders Dorina en David.

**BGN-kompetisies**

Ons klub was weer goed verteenwoordig in onlangs BGN-kompetisies, met verskeie lede wat tot op kwarteind- en halfeindvlak uitgestyg het:

Tian Pietersen - Semi-finaal, Mans Enkelspel Ope

Ria Coetsee – Semi-finaal, Dames Enkelspel Ope

Tillie Kamper – Kwart-eind, Dames Enkelspel Veterane

David Engela – Kwart-eind, Mans Enkelspel Nuwelinge

Piet Swemmer – Semi-finaal, Mans Enkelspel Nuwelinge

Ria Coetsee en Maria Steyn – Kwart-eind, Dames Pare Veterane

Eurika Lawrence en Tillie Kamper – Kwart-eind, Dames Pare Veterane.

Ons klubkampioene, Ria Coetsee en Tian Pietersen, het hulle deeglik laat geld as deelnemers en waardige ambassadeurs van die klub in die BGN "Champ of Champs" – kompetisie, asook in die BGN Meesters kompetisies.

**Ander Kompetisies**

Die SA Lugmag se jaarlikse Rolbal Kampioenskappe is oor die tydperk 8 tot 13 Junie 2025 by Colbyn (Military) Rolbalklub aangebied. Spanne van SA Lugmag Eenhede regoor die land kon vir die kompetisie inskryf.

Verteenwoordigende spanne is gekies en Hadri Roux was lid van een van twee spanne vir die Gauteng streek.

Die Toernooi het met presiese militêre deeglikheid, uitstekend verloop en is daar met die prysuitdeling, tydens 'n spesiale geleentheid, kennis geneem van ene Hadri Roux!

Hadri is as speler van die Toernooi bekroon nadat hy met Goud beloon is in die enkelspel en silwer gekry het as deel van 'n vierspan. Baie geluk Hadri. Die Klub is trots op jou!!



Speler van die Toernooi



SALM Enkelspel Kampioen



Vierspan - Silwer

**ROLBALONTWIKKELING**

Die tweeweeklikse Woensdagmiddag parespel in 2-4-2-formaat is steeds 'n groot sukses, met dank Karien Roos en Eurika Lawrence.

Zinda en Ernst Müller doen steeds baie gewaardeerde moeite met die opstel van oefenbane op Maandagmiddae.

**LEDESAKE**

**Verjaarsdae in Julie**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Adri Greve | 8 | Gezina Craill |
| 2 | Ina Malan | 12 | Andrew McCabe |
| 4 | Gertie Botha | 14 | Tertius van de Venter |
| 5 | Dawn de Beer | 18 | Eurika Lawrence |
| 6 | Tian Pietersen | 24 | Magdaleen Antonites |
| 8 | Elize Stoop | 28 | Ian Thompson |
| 8 | Harm Timmerman | 30 | Flip Matteus |

**Verjaarsdae in Augustus**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Dave van Oudtshoorn | 17 | Andre Marx |
| 3 | Andre Lightfoot | 21 | Piet Schutte |
| 3 | Mike Heyns | 22 | Suzaar van Rooyen |
| 6 | Hennie van Heerden | 23 | Nico Rau |
| 8 | Eidel Bock | 23 | Brian Kleingeld |
| 9 | Patrick Pritchard | 27 | Zinda Müller |
| 11 | Gerrit Kamper | 27 | Werner Klerck |
| 15 | Dorina du Plessis | | |

**Nuwe lede**


Ons klub het sedert die vorige Toucher die volgende gewaardeerde nuwe lede ryker geword: Tony Cockbain, Gezina Graill, Pierre Joubert, Sarel Marais, Peter Morkel, Albé Nel, Helena Payne en Leon van der Walt. Baie welkom aan elkeen; mag julle verbintenis met die klub vir julle groot vreugde inhou.



Tony Cockbain



Sarel Marais



Peter Morkel



Albè Nel



Helena Payne



Leon vd Walt

Afrigting van belangstellendes kontinueer, met groot dank aan die afrigters Zinda Müller, Bosman Olivier, Leon Smith, Koos Slabber en Marieta Fourie.

### Lief en leed

Herman du Plessis sterk steeds mooi aan, en het alreeds weer 'n paar oefenballe kom rol. Ina Malan en Magdaleen Antonites sterk aan na operasies.

### Speeltye (Winter)

Dinsdae - gemengde spel, skyfies in 9:00 vir 9:30

Donderdae - gemengde spel, skyfies in 9:00 vir 9:30

Saterdae - gemengde spel, skyfies in 13:00 vir 13:30

Spel word Saterdae in rolbaldrag gespeel en gewone drag vir die ander dae. Vir klubwedstryde en klubfunksies trek ons ook rolbaldrag aan.

### Fondse

Ledegeld en ander inbetalings wat betaal word moet as verwysing jou naam en van toon, asook waarvoor jy die betaling maak. Dit sal die Tesouriere se taak aansienlik vergemaklik.

Klubfooie kan verkieslik direk in die klub se bankrekening inbetaal word.

Bankbesonderhede:

Centurion Bowling Cub
ABSA Centurion
Rek no 405 332 3178
Kode 632005
Tjekrekening

Ledegeld plus BSA/BGN affiliasiefooi is ten volle betaalbaar teen 31 Oktober 2024.

Status ouderdom, 1 Julie 2024

Ledegeld 75 jaar en ouer: R2290.00
Ledegeld jonger as 75 jaar: R2510.00

Spesiale reëlings vir afbetaling kan met die Tesouriere gereël word.

Kontak Marieta Fourie by: secretary@centurion-bowls.co.za of Marieta.fourie@dustaside.com

Help asb met hierdie belangrike aksie om noodsaaklike fondse vir ons Klub te in!

***LW*** *Die Klub se boekjaar eindig 1 Junie 2025. Ledegeld vir die 2025-26 boekjaar word tydens die AJV op 19 Julie bepaal en kan moontlik wysig.*

## Boeke

Snuffel gerus in die boekrakke vir iets om te lees en huistoe te neem. Daar is 'n kassie waarin jy R5 per boek moet ingooi. As jy klaar gelees het, bring die boek asseblief terug sodat iemand anders ook die leesgenot daarvan kan hê. Baie dankie, Judy, vir die versorging van ons boeke.

## GREENS, FACILITIES AND SERVICES

Both greens and surrounds remain in good condition, thanks to the hard work of Bosman Olivier, together with Dave van Oudtshoorn and Willem van Zyl. Dave has formally taken over the reins from Bosman as greenkeeper, with great appreciation, and with thanks to Bosman for hard work done.

Nico Rau ensures that we have a happy life in and around the club facilities, whilst Dalina and Pieter Brits, with volunteers, keep our throats lubricated. Rina Meyer keeps the kitchen on steady course. Notwithstanding the occasional challenges and frustrations, all work regarding our greens, facilities and services is done expertly, and deserves all club members' highest appreciation.

## KLEINJAN

*Haita*

*Ek val sommer weer met die deur in die huis of is dit nou met die huis in die deur. Net vinnig by die voordeur in en by die agterdeur uit. Hoe gaan dit ma*

*Ek skryf maar ek kry net so af en toe ŉ skrywe terug van ma af. Daai Akkerboom en Witstinkhout se blare wat nou so val hou ma seker so besig dat ma nie baie tyd het om te sit en skryf ook nie.*

*Die naweke van April en Meimaand is ook weer verby en die koue maak ŉ mens se spiere lam. Gelukkig is die warm gehiekelde kombersies byderhand en kan dit die gebeendere darem aan die loop hou. Selfde as laas jaar. Ek lyk kompleet soos ŉ Ekskimo of ŉ polar beer opgetof soos ek myself toe rol voor die TV. Ek het gesien die een kombersie het ŉ haakplekkie gekry en was besig om uit te rafel. Ek het dit sommer met die blou wol wat ek verlede jaar by ma gekry het toegewerk.*

*Ma moet sien as ons rolbal speel dan staan almal stokstyf en die stoom trek by hulle se neusgate em monde uit. Kompleet asof elkeen ŉ binnekantse stoof in het. Van hulle is maar bietjie dun ook en die vetjies om die lywe is meer vir somerweer aangepas as vir die winter.*

*So van kilometers gepraat. Skuus, ons het nie oor kilometers gepraat nie, maar nogtans, ek verwonder of iemand al navorsing gedoen het oor die afstande wat afgelê word deur die vulles verwyderings atlete. Ek noem hulle atlete want hulle loop net so fluks soos ŉ atleet. Dit is ook baie gevaarlike werk. Ook nie altyd welruikend nie. Jy moet uitkyk vir die karre en ook vir die oop jaart hekke se astrante honne. Die mense loop elke dag straat blok op en straat blok af. Kan nie eens die tuine bewonder of sien hoe lank die gras op party sypaadjies is nie. Ek het gehoor die Kom Hades Martelton is so duskant honnert kilometers maar ŉ asblik atleet lê seker baie meer as dit af in ŉ jaar.*

*Ek wens die dame van ons kroeg by die klub wil weer van daardie groot bottels bier bestel. Ek moet nou elke keer twee keer drink waar ek altyd net een gedrink het. Ek is net bang die litte begin dink ek is ŉ semmie alkoohollis. Die litte wat twee of meer glase wyn drink is blykbaar kulturele mense en val glo in ŉ ander klas. Ma hulle bly ook maar net litte.*

*Ek dink vanoggend weer met ŉ traan in my een oog, want die ander oog was toe, aan ou Appools van Koekenaap. Sjym. Hy was mos deur oupa laat aankla nadat hy die hoeveelste skaap gesteel het. Die gesprek in die Landdroshof het mos so gegaan. " Beskuldigde. Jy staan vandag hier voor my vir diefstal. Hoe pleit jy, skuldig of onskuldig" vra landros Verwyngaart . "Skullig", antwoord Appools. "Wat het jy gesteel?". "ŉ Skaap". "Wat se skaap". "ŉ Mofskaap". "Hoe het die skaap gelyk". "Maar my liebenste hel, jou honner, jy weet mos alle mofskape is vaal".*

*Een van ons baie goeie litte wat nou met rasse se skrede opgang maak is Skrapnel. Ma weet mos sy is Duif Bane se wrede helfte. Omdat ek so in die militêr belang stel het sy my mos ander dag genooi om te kom kyk hoe lyk ŉ Komandoor se omstandighede in haar kantoor. Ons was darem nie alleen nie want sy het twee kopiraals wat haar bystaan. Altwee van dieselfde geslag as sy. Vroulik. Lang blonde hare en al. Sy het tussen al die baie medaljes en mormendibalia wat sy in haar gevegte en lang diens toegeken was, ook ŉ ou gekroumde skeeps kannon. Dit het sy blykbaar vir haar aandeel in die Falkland oorlog tussen Engeland en Rusland ontvang. Sy was onder ŉ skuiling naam en onder-koffer. Daar lê toe vier semmie gekroumde kannonballe ook waarmee sy gedurende haar tee tye tussen nege en twaalf in die battaljon se agter jaart oefen. Van daar die snelle opgang. Ag sy is pragtig ook.*

*Ons het weer by een van die ander klubs wat ook maar finansijeel knyp vir ŉ fondse insameling gaan speel. Nou kan hulle weer die koffie en boksmelk opstok. ŉ Mens kan nie glo hoeveel dit kos om net die litte van tee en koffie te voorsien nie. Party drink sommer twee koppies agter mekaar. . Dink seker dit is ŉ hotel.*

*Ek groet maar weer voor ek iets sê wat on van pas is. Weet ook nie of dit drie, twee of een woord is nie.*

*Toedel doo*

*Kleinjan.*

**EN TEN SLOTTE...........**

Barend Lundie het die volgende juweeltjie via Whatsapp met die klub gedeel. Vir wie dit misgeloop het, hier is dit weer, met waardering vir die skuiwergate van misverstand wat ons mooi taal toelaat:

*Vrou: Jy is regtig nie meer bedagsaam nie.*

*Man: Dit mag so wees, maar ons is darem nog snags saam.*

o-O-o

Stuur asb jou nuuswaardighede aan Gerrit Kamper by kampergd9@gmail.com., praat met hom op die rolbalbaan of in die klubhuis, of skakel met hom by 0731715630.

Besoek gerus ons webwerf by: www.centurion.bowls.co.za

Neem ook kennis van die Klub se e-posadres: secretary@centurion-bowls.co.za

Wanneer u e-pos aan hierdie adres stuur, sal dit minstens al die lede van die Dagbestuur bereik.